BEROEPENUUS—23 Feb. en 2 Mrt. 2014

Beroepe ontvang-

Ds. CB Robinson van Rustenburg na Walvisbaai/Swakopmund/ Hentiesbaai
Ds. TJ van Vuuren van Heilbron na Rietvallei as medeleraar

Beroepe aanvaar-

Prop DJ de Bruyn na Barkly-Oos/Maclear/ Elliot kombinasie
Prop ID de V Potgieter na Rietvallei as medeleraar
Ds. LJE Venter van Hoedspruit na Kimberley

Beroepe bedank

Ds. WJ Botha van Bloemfontein-Noord na Walvisbaai/Swakopmund/Hentiesbaai
Ds. CJ Nagel (jr.) van Nylstroom na Louis Trichardt

Calvyn en die Christelike feesdae – Ds. C Kleijn– *vervolg van verlede week*

Calvyn se gestrengheid

Op Donderdag 25 Desember 1550, enkele weke na die afskaffing van die feesdae, is die gewone daaglikse byeenkoms gehou. Calvyn gaan verder met sy reeks preke oor Miga. Dis egter opvallend dat op daardie dag meer mense as gewoonlik aanwesig is. Dit gee vir Calvyn aanleiding om die kersgebruike aan te spreek. Aan die eenkant wys hy daarop dat dit "'n goeie ding (is), dat ons een dag in die jaar het, waarop ons die nut getoon word, wat ons toekom van die feit dat Jesus Christus in die wêreld gebore is en dat die geskiedenis van sy geboorte vertel word soos dit aanstaande Sondag sal gebeur." Aan die ander kant gaan hy fel te kere teen die bygeloof en afgodery: "As u dink dat Jesus Christus vandag gebore is, dan is u beeste, ja, wilde beeste. So ook wanneer u met hierdie dag God 'n besondere diens wil bewys. Dan rig u daarmee 'n afgodsbeeld op." Sterk woorde. Waarom? Vanweë die bygeloof waarmee die dag gevier is. Mense het gedink dat hulle juis deur die dag te vier 'n besonder goeie werk vir God sou verrig. Dit binne die konteks van die verdienstelikheid van goeie werke. Die pousdom het die mense mos ingeprent dat die streng onderhouding van daardie feesdae vir hul saligheid noodsaaklik was. Hulle is deur die Roomse Kerk selfs met die hel gedreig indien hulle die seremonies nie sou naleef nie. Teen hierdie agtergrond kan 'n mens verstaan waarom Calvyn en die ander Reformatore skerp moes optree. Die lidmate moes heeltemal bevry word van die tirannie van menslike voorskrifte en leer om uit genade alleen te lewe. Hulle moes tewens die Sondag weer leer waardeer as die Christelike feesdag by uitstek.

Gevolgtrekkings

Hoewel dit lyk asof Calvyn oor die algemeen die afskaffing van die feesdae verkies het, kan 'n mens nie stel dat hy in 'n streng sin 'n teenstander was van feesdae waarin die heilsfeite herdenk word nie. Sy voorkeur staan teen die agtergrond van die situasie van daardie tyd. Calvyn was ook bereid om hom te skik na die orde wat in Genève bestaan het, solank hy vry was om teen die bygeloof en afgodery waarmee die dae dikwels gevier is, op te tree. Calvyn sou die Kersfees nie afgeskaf het nie. *Word vervolg*

05/03– Pieter Nienaber 0845138131	06/03– Retha v/d Merwe 0837520930
06/03– Erna Lorist 0823362278	08/03– Reuben Grobler 0845138131
	Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur

Baie geluk met u verjaarsdag

Die vrot vrug was eenmaal 'n skone bloeisel – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

02 Maart 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Daniël 3
Teks: Daniël 3:28
Sing: Ps.118:1,14; Ps. 81:5; Ps. 121, 1,2,3,4; Ps. 68:9

'N HEIDEN LOOF DIE HERE

KATKISASIE– Katkisasie gaan normaal voort
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS (ná katkisasie)
Skriflesing: Galasiërs 3
Teks: Galasiërs 3:13
Sing: Ps. 19:4; Ps. 89:12; Ps. 118:13

CHRISTUS HET ONS LOSGEKOOP VAN DIE VLOEK VAN DIE WET

(Liturg– ds. Peet Smit em. van die Gerf kerk Daspoort. Ds. Peet word die seën van die Here in die bediening van die Woord toegebid en ook waar die Here hom nog in sy diens gebruik.)

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 4 en 5
Ouderlinge: Steve Joubert en Frik Eloff
Diakens: Johan Wolmarans en Wynand Du Venage

Volgende Sondag (09/03) – Wyke 6 en 7
Ouderlinge: Jan du Plessis en Nico v/d Dussen
Diakens: Alwyn Wolmarans

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Ds. Andries Mulder wat vroeg in die maand weer geopereer sou word, het die internis daarteen besluit voordat daar nie verbetering en versterking in sy hart– long en suiker toestand intree nie. Ons dink aan hom en sr Henta en dat die verlangde en nodige operasie dan tog wel later sal kan plaasvind. Hy ondervind baie pyn en ongemak in sy regterbeen. **Sr Ciska Odendaal** van Hibiskus wyk se gesondheid het baie agteruitgegaan. Sy word opgeneem vir verdere toetse en ondersoeke. Ons gebed is dat sy hierin gehelp mag word. **Br Dries de Ridder** se gesondheid wat groot terugslae gehad het word aan die genadetroon van die Here opgedra. Voortdurende behandeling is nodig. Ons bid ook vir sr Alta krag en genade toe om hom so te bystaan. **Sr Muriel Erasmus** wat terugslag in haar gesondheid gehad word in ons gebede vasgehou.Ons is dankbaar vir die merkbare verbetering. B**r Kallie Tromp** is 'n gedeelte van sy groottoon geamputeer. Ons vertrou dat dit nou mag genees en geen verdere ingrype nodig sal wees nie. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in die gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand

SUSTER SAAMTREK 2014

Dit is al weer sulke tyd! Vanjaar se saamtrek van susters vind DV volgende Saterdag plaas. Dit word aangebied deur die Gerf kerk Lyttelton. Die spreker sal wees Hettie Britz, plek is NG Kerk Raslouw Eldoraigne. Koste is R100 per persoon. Kontak sr Christine om u name op te gee vir almal wat graag die saamtrek die jaar wil bywoon. Daar is nog paar plekke beskikbaar. Uit ons gemeente het reeds 13 susters wel hulle name opgegee.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Intand-houding
09/03/2014 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Sustentasie Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
11/03	Finans– en Adviesvergd
13/03	Kerkraadsvergd
28/03	Skole sluit

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.
Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.
Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

SUSTERS RESEPTEBOEK

Die susters wil graag vroeg in hierdie jaar die resepteboek laat verskyn.
Indien daar nog iemand is wat resepte wil ingee moet u dit asseblief voor die einde van Januarie aan sr Anria Möller gee. Haar e-posadres is anria_m@yahoo.com. Sy kan gekontak word by 0273731597.

HARTKLOP-FEES

Dit vind DV op 15 Maart 2014 plaas, ten bate van die Pres Kruger Kinderhuis. Alle inligting is op kennisgewingbord. Kaartjie is by *itickets* beskikbaar. U kan ook met sr Retha v/d Merwe hieroor praat. Ons kan in hierdie kinders se lewens 'n verskil maak!

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 11

11:12-13 – Met hierdie verse roep Christus die gelowiges om met krag hulle onder Sy banier te voeg. Die Koninkryk, wat Johannes as herout aangewys het, moet aangegryp word.

11:14, Elia wat sou kom - *Jesus verwys na die profesie in Mal 4:5 oor Johannes die Doper. In Matt 17:10-13 sê Hy dat hulle nie in Johannes die vervulling van die profesie gesien het nie. As mens in Joh 1:21 lees dat Johannes sê dat hy nie Elia is nie, bedoel dit dat hy nie letterlik Elia is wat in die vlees terug gekeer het nie. Die profesie bedoel op een wat net soos Elia sou wees,* in sy geestelike werk.

11:15, ore – Die mens is oorspronklik deur God geskape om van nature Sy wil te doen. As Jesus so dikwels hierdie woorde gebruik, is dit om mense aan te moedig om terug te keer na hierdie natuur van gehoorsaamheid.

11:18-19, gedrink – *Totius het na hierdie vers ook verwys, toe hy `n vraag beantwoord het oor gebruik van wyn. Jesus het Self wyn gebruik.* As die Here na Homself verwys as die ware wynstok (Joh 15:1), vind mens weer `n kritieklose verwysing na die vrug van druiwe - dit is `n gawe van God.

11:20-24, Górasin . . . Betsáida . . . Kapérnaüm – *Jesus stoot hierdie Galilese stede "tot die doderyk toe." Dat Hy sagmoedig en nederig van hart is, beteken nie dat Hy week is of met die sonde meegaan nie. Sy sagmoedigheid was die volbring van die welbehae van die Vader. Selfs die duiwels is aan Hom onderworpe. Hy is die Regter !*

11:25-30, Kom na My toe – *Lees hierby Skrifberyming 18.*

11:25, wyse en verstandige mense – *Dit bedoel die* wêreldwyse mense, *nie werklike wyses nie.*

11:26, welbehae – *Alle goeie dinge rus in God se vrye guns. Hy, "van al wat dwang is vry".*

11:27, niemand ken . . . *God die Vader ken die Seun, met Wie Hy "wesens-een" is.*

Ook ken niemand die Vader – *Die kennis kan net deur Christus kom, omdat God "diep en ontoeganklik" vir ons is.*

11:28, rus gee – *Skb 18 noem dit " `n rusplek vir die voet, waarvoor daar nêrens rusplek was; verligting vir die skouer wat, deur druk gemartel en gepla, en onder lewenssorge krom, `n altyd swaarder las moet dra."*

In `n preek oor Jes 11:10, dat ons rusplek heerlik sal wees, stel Totius dat die kruis van Christus ons rusplek en "oord van heerlikheid" is. "Waar Christus is, is die rusplek." Alles wat ***rus*** *is, trek op Sy Persoon saam. Net by Hom is daar rus en by Sy voete is daar vrede. "Oral waar die kruis deur die geloof ingeplant word, is die rusplek van die sondaarshart." Dit is dan `n Bet-El: `n huis van God. Die sondes word daar bely en vergiffenis ontvang.*
"Waar die vloekhout staan, is daar nie meer vloek, nie meer woestyn nie. Daar is die onverganklike waterfonteine en die palmbome wat ewig van vreugde ruis."
Waar Christus is, is heerlikheid, die woestyn blom. Die boom van die lewe sal elke maand sy vrugte gee. Mag ons deelgenote van Sy lyding wees, om eendag aan Sy heerlikheid deel te kry.

11:29, juk – Met "juk" bedoel Jesus die diens waartoe ons geroep word. Hy stel Sy juk teenoor dié van die Jode, wat met hulle wettisisme `n ondraagbare las op die mense gelê het. Hy het die ware las vir ons gedra: die las van die toorn van God oor ons sondes. Met verlossings-blydskap in die harte is dit moontlik om die beproewings van die lewe te dra.

MATTHEüS 12

12:1-2, are begin pluk – In Israel sal die koringoes ongeveer begin Junie reg wees. (Dit is `n winter-reënvalstreek.) **Begin –** Blykbaar het hulle nog net begin om te eet, toe die Fariseërs kom met hulle veroordelende woorde. Hulle spioene het Jesus reeds tevore al gevolg om Hom op iets verkeerd te betrap (Sien bv 9:3, 11, 14, 34; 11:18-19). Dit was seker omdat Hy die Skrifgeleerde se aanbod om Hom te volt, afgewys het (8:19-20) en oor Sy aanval op hulle eiegeregtigheid in die Bergpredikasie (Hfst 5-7).

nie geoorloof – In die Fariseïse siening was dit nie gewoon eet nie, maar `n vorm van oes, en dus werk wat die Dissipels gedoen het. Dit teken die Fariseërs as `n party wat hulle van die begin af teen Jesus gekant het. Dit kon ook wees omdat hulle gehoor het Johannes die Doper het gesê dat Jesus `n Koninkryk kom oprig. Na ander opstande teen die Romeine wat nie lank tevore plaasgevind het nie, het so iets nie in hulle politieke berekenings gepas nie. Hulle sou enigsiets aangryp om klagtes teen die Here te vind. *Word vervolg*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

27 Feb. 1881– Slag van Amajuba vind plaas; *28 Feb. 2000*– Betsie Verwoerd oorlede; *1 Mrt. 1797*– Voortrekkerleier Gerrit Maritz gebore; *1 Mrt. 1878*– Dr. AG Visser gebore ; *2 Mrt. 1866*– Stellenbosch gymnasium later Universiteit van Stellenbosch word gestig; *2 Mrt. 1918*—Unisa word amptelik geopen; *4 Mrt. 1890*– Gerard Moerdijk (argitek o.a. van Voortrekkermonument) word gebore; *5 Mrt. 1812*– Uitbraak van pokke-epidemie in die Kaap, *5 Mrt. 1865*– Tibbie Steyn– egg van pres MT Steyn gebore; *6 Mrt. 1939*– Lina Spies gebore; *7 Mrt. 1917*- Skrywer WA de Klerk gebore ; *9 Mrt. 1816*– Vyf veroordeeldes van Slachternek word opgehang; *10 Mrt. 1858*-Brief van JJ Venter aan J van Andel waarin hy vra vir n leraar van gereformeerde oortuiging; *11 Mrt. 1926* – Nicolaas J/v Rensburg (Siener van Rensburg) oorlede; *13 Mrt. 1888*– De Beers diamantmaatskappy word gestig; *15 Mrt. 1810*– Kmdt.-genl. Stephanus Schoeman word gebore; *16 Mrt. 1852*– Potgieter en Pretorius versoen op Rustenburg; *17 Mrt. 1707*– Willem Adriaan van der Stel uit die Kaap teruggeroep;